Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2025-08-20

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN AUGUSTUS 2025

## VOORWOORD - MNR PRETORIUS

***Ons wil graag versoek dat ouers hul kinders in die oggende net aflaai en weer ry, asook in die middae. Daar is tans ernstige verkeerskongestie in Raven- en Finchstraat wat onnodige frustrasie veroorsaak en die veiligheid van ons leerlinge in gedrang bring. Hierdie toestande kan ook gevaarlike situasies skep wanneer daar padwoede of onoplettendheid voorkom.***

***Ons vra asseblief vir u samewerking om die verkeersdruk te verminder en 'n veiliger omgewing vir ons leerlinge te verseker.***

***Baie dankie vir u begrip en samewerking.***

***Spesiale reëling:***
Die skool sal op Vrydag, 5 September om 12:00 verdaag om ons Gr 6 leerlinge en al die betrokke personeel wat na die leierskamp gaan, te akkommodeer.

Daar sal toesig wees tot 13:30 vir leerlinge wat nie vroeër huis toe kan gaan nie.

## TOETSREEKS - ME BRITZ

Die toetsreeks begin reeds 2 September en eindig 22 September. Graad 4 tot 7 Leerlinge sal hul toetse skryf en daarna wissel soos normaal. Geen leerling mag afwesig wees gedurende die tydperk nie.

***Toetsrooster***

| | | |
|---|---|---|
| *Dinsdag, 2 September* | *SW (Geografie)* | *Gr 4 – 7* |
| *Woensdag, 10 September* | *Wiskunde* | *Gr 4 – 7* |
| *Vrydag, 12 September* | *Afrikaans* | *Gr 4 – 7* |
| *Dinsdag, 16 September* | *Engels* | *Gr 4 – 7* |
| *Donderdag, 18 September* | *SW (Geskiedenis)* | *Gr 4 – 7* |
| *Maandag, 22 September* | *NW en Tegnologie* | *Gr 4 – 6* |
| | *NW* | *Gr 7* |

## FINANSIES – ME FOURIE

Dankie vir die ouers wat gereeld betalings maak en getrou hulle verantwoordelikheid nakom.

Die jaar is reeds in die 3de kwartaal en ons vra asb. dat indien u nie 'n reëling het nie, u asb. so gou as moontlik betaling sal maak op agterstallige rekeninge. Ons is reeds besig met oorhandigings aan CEEBEE DEBT management .

U samewerking in die verband word waardeer. Laerskool Elspark is 'n ***skoolgeld verpligtende skool.***

## AANSOEKE VIR GR 1 VIR 2026 – ME BRITZ

Indien u, u kind wil inskryf vir Gr 1 versoek ons dat u asb. so gou as moontlik u vorms by die skool inhandig.

Om teleurstelling te vermy maak asb. seker dat u so gou as moontlik die dokumente in die kantoor inhandig of epos aan Me Cook (linda@elsies.co.za). Die aanlyn registrasie en aansoek sal vir u gerief deur die skool geprosesseer word.

**Aansoeke sluit 29 Augustus 2025**

## OPVOEDING – ME BRITZ

'n Belangrike sosialiseringsaspek is om altyd in beheer van jouself te bly. Kweek die volgende vaardighede aan om woede te beheer.



## *KLEREDRAG – ME BRITZ*

Vanaf Maandag, 1 September keer ons terug na normale somerskooldrag en somer Vrydagdrag. Ons sal egter die leerlinge toelaat om tydens die oorgangstydperk op warmer dae reeds hul somersdrag te dra.

Leerlinge moet asb. netjies en in die korrekte skooldrag geklee wees.

## LEIERSKAMP – MNR KEYTER

Alle graad 6 leerders gaan op 'n leiersidentifiseringskamp. Ons wil graag hê dat al die graad 6 leerlinge hierdie kamp bywoon

Datum: 5 – 7 September 2025
Plek: Jubaweni
Kostes: R2 050

Alle gelde moet asb. ten volle betaal wees teen 1 September 2025. Verdere inligting sal aan al die leerlinge deurgegee word.

## DISSIPLINE – MNR MULLER

Afwesigheid van 'n leerling is tans 'n probleem. Die leerlinge verloor baie werk en die toetsreeks is om die draai. Ons doen 'n versoek op ons ouers om nie hulle kinders net by die huis te hou nie.

Ouers sorg asseblief dat u seun/dogter se voorkoms netjies is.

## GHOLFDAG – ME LOURENS/ME MITTON/MNR PRETORIUS

Ons benodig pryse vir ons jaarlikse Gholdag, en wil vra of u dalk kontak kan maak met borge of self 'n skenking kan maak in die verband. Ons benodig pryse soos : gholfhempies, kepse, braaistelle, toebehore vir braai of kroeg, koelbokse, gholfballe, sonroom, glase, gholfsambrele, ens.

Indien u 'n amptelike borgbrief benodig kan u in verbinding tree met Me. Lourens (082 785 2953). Pryse/borge kan met Me. Lourens/Mnr Pretorius gereël word.

Gholfdag besonderhede:

| | |
|---|---|
| Wanneer: | Vrydag, 28 November |
| Waar: | ERPM Gholfklub |
| Tipe: | "Betterball – Stableford" (4-bal) |
| Kostes: | R700 (per speler) of R2 800 (per 4-bal) |
| | kostes dek: 2 gholf karretjies (4-bal), aandete en Pryse |
| "Handicap": | Mans maksimum 18 / Dames maksimum 26 |

***UITERS BELANGRIK***

Bespreek betyds om teleurstelling te voorkom. Besprekings kan deur Me Lourens (082 785 2953) of Mnr Pretorius (hoof@lselspark.co.za) gemaak word.

## KOEKVERKOPING – ME LOURENS

Ons Gr 1 en Gr 2 leerlinge se koekverkoping vind plaas op Donderdag, 28 Augustus. 'n Meer gedetailleerde brief sal binnekort volg.

## ENTREPRENEURSDAG GR 7'S – ME LOURENS

Wanneer: Vrydag, 5 September
Tyd: 10:00 – 11:30

Leerlinge moet asb. 'n geldjie saambring om ons Gr. 7 leerlinge te ondersteun. Die geld wat die Gr. 7 leerlinge maak tydens hul verkope is vir hul eie sak. Dit vorm 'n belangrike leerkurwe van Entrepreneurskap.

Ouers is ook meer as welkom om die leerlinge te kom ondersteun.

## COLOURFESTIVAL – ME LOURENS

Laerskool Elspark bied weer 'n "colour festival" aan op Vrydag, 29 Augustus. Kostes beloop R80 wat gewone klere, kleefband asook 5 sakkies poeier insluit.

Betaal jou R80 voor of op Maandag, 26 Augustus by jou registeronderwyser in om teleurstelling te voorkom. Ekstra sakkies kan aangekoop word teen R20 elk.

## FOTODAG – ME ERASMUS

| | |
|---|---|
| Datum: | 26 Augustus |
| Wie: | Alle sportsoorte van kwartaal 3, leiers, koorlede asook leerlinge wat afwesig was vir die individuele foto's |
| Kleredrag: | Koorlede en leiers moet in hul skoolklere kom en word eerste afgeneem. Hulle sal daarna geleentheid kry om hul sportdrag aan te trek. Alle ander leerlinge wat afgeneem word vir sportspanne, mag in hul sportklere skool toe kom. |

R35 per foto moet by afrigters betaal word. Internet oorbetalings- en kantoorbetalingsbewys moet aan afrigter getoon word.

## MNR EN MEJ ELSPARK – ME FOURIE

Uitdunne: 29 Augustus 2025
Tyd: Skooltyd
Kleredrag: "Tutus and Ties"
Inskrywingsgelde: R30

Finaliste wat aangekondig word sal deurdring na die finale wat in Kwartaal 4 sal plaasvind. Inskrywingsgelde is betaalbaar by Me. D. Fourie of register personeel.

Indien daar enige ouer of instansie is wat bereid is om ons te borg met pryse vir die finale sal dit waardeer word, u kan 'n epos stuur aan demi@elsies.co.za.

Voltooi asseblief onderstande skeurstrokie om toestemming te verleen aan u kind vir deelname.

## SOSIALE MEDIA/PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND – ME DU TOIT

Ons wil graag ook bietjie spog met die Elsies wat buite skoolverband ook presteer. Indien u kind 'n prestasie buite skoolverband het.

Stuur asb. die inligting met 'n foto aan Me. S du Toit na sanet@elsies.co.za sodat ons dit op sosiale media kan plaas.

## RUGBY 7'S & NETBAL FAST 5 – MNR BOTHA/ME S DU TOIT

Geagte ouers en Elspark gemeenskap, ons wil graag Vrydag 31 Oktober en Saterdag 1 November 2025 'n Rugby 7's en Netbal Fast 5 Toernooi aanbied by Laerskool Elspark. Ons beplan dat daar minstens 12 skole gaan deelneem aan hierdie toernooi. Ons vra asb. u hulp en ondersteuning met borge om van hierdie dag 'n reuse sukses te maak.

Indien u of u besigheid graag wil betrokke raak by hierdie geleentheid, sal u asb die volgende persone kontak:

George Botha (Rugby): george@elsies.co.za of 082 385 0212
Sanet Du Toit (Netbal): sanet@elsies.co.za of 083 993 4218

## NETBAL – FAST FIVE – ME DU TOIT

***Wedstryddatums***

| | | |
|---|---|---|
| O/13 A en B | 29 en 30 Augustus | Ekurhuleni Hoops te E.G Jansen |
| O/11-O/12 A en B | 19 en 20 Sept | te Brentwood |
| O/13 A en B | 24 en 25 Okt | te Goudrand |
| O/11-O/13 A en B | 31 Okt en 1 Nov | te Laerskool Elspark |

## MINI-HOKKIE – ME T GROBLER

Oefendae en tye is as volg:
Maandae, Dinsdae en Donderdae

| | |
|---|---|
| Gr 1 | 13:00 – 13:45 |
| Gr 2 en 3 | 13:40 – 14:30 |

Dogters moet geklee wees in gemaklike oefenklere en tekkies.

***Wedstryddatums***

| | |
|---|---|
| 25 Augustus | vs Rynfield (tuis) |
| 26 Augustus | vs Witfield (weg) |
| 2 September | vs Edleen (tuis) |
| 4 September | vs Baanbreker (weg) |

## HOKKIE – ME BURGER

***Ligawedstryddatums***

| | |
|---|---|
| 21 Augustus | vs Brakpan-Oos (tuis) |
| 3 September | vs Woodlands (weg) - voorlopig |
| 4 September | vs Witfield (tuis) |

## MINI-KRIEKET – ME WALTERS

Mini-krieket oefening is Maandae, Dinsdae en Donderdae.

Tyd: 13:45 – 14:30
Waar: Seuns kom op die blou paviljoen bymekaar.

Maak seker u seun dra gemaklike klere en tekkies. Krieketkolwe en balle word voorsien.

***Wedstryddatums:***

| | |
|---|---|
| 27 Augustus | vs Baanbreker – 14:00 (weg) |
| 3 September | vs Westwood – 14:00 (tuis) |
| 10 September | vs Martin School – 14:00 (weg) |

Seuns dra asb. Vrydaghemp, witbroek, krieketkouse en tekkies vir wedstryde.

## KRIEKET – MNR KEYTER

***Wedstryddatums:***

**Krieket vs Baanbreker**

| | | |
|---|---|---|
| 21 Augustus | 0/9 | tuis |

**Krieket vs Dalview**

| | | |
|---|---|---|
| 26 Augustus | 0/10 | tuis |
| 26 Augustus | 0/11 | weg |
| 27 Augustus | 0/9 | weg |
| 28 Augustus | 2de span | tuis |
| 28 Augustus | 1ste span | weg |

## LANDLOOP – ME BOTHA

Oefentye:
Wanneer: Maandae tot Donderdae
Tyd: 13:30 – 14:15
Wie: Enige leerling wat belangstel

**Belangrike Landloopdatums**

Distrik Kampioenskappe: 22 Augustus 2025
GISSA: 30 Augustus 2025
SASA: 04 Oktober 2025

**Kleredrag vir byeenskomste**
Leerders hardloop slegs in hulle Vrydagdrag met tekkies.

## JUKSKEI – ME ZEEMAN

Dankie aan al die Jukskei leerders wat reeds baie hard oefen vir die liga

***Belangrike datums:***
28 Augustus – Jukskei Spuraand (Savannah Spur Sunward Park )
30 Augustus – Skoleliga (Alberton bane)

Ons nooi die hele Laerskool Elspark familie om deel te wees van 'n aand vol geselligheid. Jukskei leerders gaan looitjies verkoop en daar gaan lekker pryse wees om te wen!! Moet nie die aand misloop nie!

Indien u enige skenkings wil maak, vir die Spuraand, groot of klein, enige iets is welkom. Kontak gerus vir juffrou Jean-Marí of Juffrou Rozelle (Jean-mari@elsies.co.za / Rozelle@elsies.co.za)

## REDENAARSKURSUS – ME BOOYENS

Daar gaan 'n opknappingskursus vir redenaars en hul ouers wees om hulp te verleen met die skryf van toesprake.

| | |
|---|---|
| Datum: | Saterdag, 20 September |
| Tyd: | 9:00 tot 10:30 |
| Wie: | Gr 1 – 7 (Leerlinge en ouers) |
| Koste: | Gratis |

## JNR KOOR – ME NELL

Kooroefening vind plaas Woensdagmiddae in die saal om 13:30-14:15.

***Optredes***:

| | |
|---|---|
| Superreeks | 3 September (te Louw Geldenhuys) |
| Germiston Kunswedstryd | 15 September |

Deelname vind plaas in Winterskooldrag. Die skool voorsien die koorbande en strikdasse tydens optredes. Verdere inligting sal deurgegee word in 'n koorbriefie.

## SKAAK – ME FANOE

***Liga***:
30 Aug vs Van Dyk
Verdere inligting sal aan die betrokke leerlinge deurgegee word en op groep geplaas word.
Kom maak die regte skuif.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof

---

**SKEURSTROKIE**
**MNR EN MEJ ELSPARK**

Hiermee gee ek ouer/ voog van ______________________ in gr. _______ toestemming om deel te neem aan Mnr. en Mej. Elspark.

- ☐ Afdeling A: Mej. Elspark Jnr. (Gr. 1 – 3)
- ☐ Afdeling B: Mnr. Elspark Jnr. (Gr. 1 – 3)
- ☐ Afdeling E: Mej. Elspark Snr. (Gr. 4 – 7)
- ☐ Afdeling F: Mnr. Elspark Snr. (Gr. 4 – 7)

| ____________________ | __________ | __________________ |
|---|---|---|
| Handtekening van ouer | Datum | Kontaknommer |